MUNISIPALITEIT SWARTLAND

KENNISGEWING 77/2022/2023

KENNISGEWING VIR DIE INSPEKSIE VAN DIE 2 de AANVULLENDE WAARDASIEROL 2022/2023 VAN EIENDOMME GELEË IN DIE SWARTLAND MUNISIPALE GEBIED EN INDIENING VAN BESWARE

Kennis word hiermee gegee kragtens die bepalings van artikel 49 (1) (a) (i) saamgelees met artikel 78 (2) van die Plaaslike Regering: Munisipale Wet op Eiendomsbelasting (Wet nr. 6 van 2004), hierna verwys as die "Wet", dat die 2de Aanvullende Waardasierol 2022/2023 ter insae lê vir openbare inspeksie by die onderskeie Munisipale kantore of die webblad www.swartland.org.za vanaf **21 April 2023 tot 29 Mei 2023**. 'n Uitnodiging word ook gerig ingevolge die bepalings van Artikel 49 (1) (a) (ii) saamgelees met artikel 78 (2) van die Wet dat enige eienaar van vaste eiendom of enige ander persoon 'n beswaar kan indien by die Munisipale Bestuurder ten opsigte van enige aangeleentheid of uitsluitsel rakende die eiendomswaardasierol binne bogenoemde tydperk. Daar word spesifiek verwys na die bepalings van artikel 50 (2) van die Wet dat 'n beswaar moet verwys na spesifieke eiendom en nie teen die waardasierol in geheel nie. Die voorgeskrewe vorm vir die indiening van 'n beswaar is beskikbaar op die keersy van die kennisgewing wat gepos is aan die eienaars van die betrokke erwe waarop **aanvullende** waardasies plaasgevind het. Adres: Die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299.

J J SCHOLTZ
MUNISIPALE BESTUURDER

MUNISIPALE KANTOOR
KERKSTRAAT 1
PRIVAATSAK X52
MALMESBURY

21 April 2023

SWARTLAND MUNICIPALITY

NOTICE 77/2022/2023

NOTICE FOR THE INSPECTION OF THE 2nd SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL 2022/2023 OF PROPERTIES SITUATED IN THE SWARTLAND MUNICIPAL AREA AND LODGING OF OBJECTIONS

Notice is hereby given, in terms of the provisions of Section 49 (1) (a) (i) read together with Section 78 (2) of the Local Government: Municipal Property Rates Act (no. 6 of 2004), herein after referred to as the "Act", that the 2nd Supplementary Valuation Roll 2022/2023 lies open for public inspection at the various offices of the Municipality or the web page www.swartland.org.za as from **21 April 2023 to 29 May 2023**. An invitation is also extended, in terms of the provisions of Section 49 (1) (a) (ii), read together with Section 78 (2) of the Act, that any owner of immovable property or any other person may submit an objection to the Municipal Manager regarding any matter or omission in connection with the Valuation Roll within the above mentioned period. Your attention is specifically drawn to the provisions of Section 50 (2) of the Act that any objection must refer to a particular property and not to the Valuation Roll in whole. The prescribed form for the lodging of objections is available on the reverse side of the notice which is posted to the owners of the properties involved where **supplementary** valuations have been completed. Address: The Municipal Manager, Private Bag X52, Malmesbury, 7299.

J J SCHOLTZ
MUNICIPAL MANAGER

MUNICIPAL OFFICE
1 CHURCH STREET
PRIVATE BAG X52
MALMESBURY

21 April 2023